**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 25/08/2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Departementele Grondslagfase-opleiding:**
   Op Maandag, 28 Augustus, en Dinsdag, 29 Augustus, gaan die grondslagfasepersoneel vir departementele opleiding. Die graad 1-, 2- en 3-klasse word waargeneem deur juff. Zelda, Leoné, Zo-Lynn.

   Let asseblief daarop dat skoolure vir daardie twee dae vir gr. 1,2 en 3 as volg is :
   - Maandag, 28 Augustus 2023:
     Graad 1 & 2 : 07:30 - 12:40
     Skaakoefening gaan soos normaal aan van 13:00 - 14:00.
     Graad 3 : 07:30 - 12:40
   - Dinsdag, 29 Augustus 2023:
     Graad 1, 2, 3 : 07:30 - 12:40
     Geen sportoefening nie.

   Ouers moet asseblief kennis neem van dié tye en betyds hul kinders se vervoer reël.

2. **ATKV-tienertoneel:**
   Baie geluk aan die toneelgroep wat vir al die afdelings van die produksie brons gekry het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Regisseurs: | Juff. Janine en Riana | | |
| Akteurs: | Elaine Coenraad | Raydeline Stuurman | Venay Matjala |
| | Kimlynne Majolla | Laura-Lee Pieterse | Luzandi O'Connel |
| | Sarah Labuschagne | Maundrey Jantjies | Jaydrian Billet |
| | Olivier Kritzinger | Jessica Bester | |

Tegniese span:

| | |
|---|---|
| Klank: | Sesihle Khova |
| Beligting: | Arné Oelofsen en Samantha Faustino |
| Verhoogbestuurder: | Emelee Smith |
| Verhooghulp: | Petronique Claasen, Marliené Strydom en Celine Maarman |

Elaine Coenraad het 'n sertifikaat vir toneelspel en ensemble-spel ontvang en die res van die akteurs het almal 'n sertifikaat vir ensemble-spel ontvang.

Die beoordelaars was Wilhelm van der Watt en Marlo Minnaar.

herotel

3. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023</u>:**

Die skool benodig nog persone om voertuie te bestuur. Vir mense wat onseker is hoe dit werk:

- Die skoolbus neem jou van Joubertina na Uniondale toe waar jy 'n motor en sleutels ontvang;
- jy ry teerpad oor die Outeniquapas Knysna toe;
- jy parkeer die voertuig op die aangewese plek en gee die sleutels af;
- jy hoef nie vir die bestuurder op sy fiets te wag nie;
- die skoolbus laai jou op Knysna op en vat jou terug Joubertina toe en
- dit kos jou niks. Elke bestuurder kry R100 om vir hom/haar kos te koop.

Kontak asb. vir Daleen Strydom by 042 – 9402775 as jy die skool kan help.

4. **<u>VCSV-kamp vir graad 3 en 4</u>:**

Op Vrydag, 18 Augustus, het vyf graad 3-leerders en agt graad 4-leerders 'n heerlike kamp in Jeffreysbaai bygewoon. Die leerders het die kamp baie geniet en het terselfdetyd baie geestelike voedsel gekry. Baie dankie aan juf. Zo-Lyn wat die leerders vergesel het.

Die leerders sien uit daarna om volgende jaar weer die kamp by te woon.

5. **<u>VCSV-Lentekermis</u>:**

Die VCSV-kringleiers en kringe wil graag die spreekwoordelike kleur en geur van Lentedag in ons skool versprei met lekker speletjies en verkopings tydens pouse volgende Vrydag, 1 September.

Daar gaan lekker eetgoed soos monstergeel warmbrakke, bont pizzaskywe, warm vetkoeke, springmieliegeure en lekker koeldrank wees terwyl leerders vrolike speletjies kan speel soos teikengooi òf doeleskiet of Tik-tak-toe-knope doen. Al die speletjies gaan R5 kos en daar sal ook lekker pryse wees. Kom ons kleur hierdie een spesiale dankbare dag in en ondersteun die VCSV.

6. **<u>Uitstaande kopieerkoste en skryfbehoeftegeld:</u>**

Die graad 4- tot 12-leerders van wie die kopieerkoste vir 2023 nog uitstaande is, het hierdie week 'n brief ontvang. Maak asseblief seker dat u hierdie uitstaande gelde voor of op 31 Augustus vereffen.

7. **<u>Langklooffees: 25 – 28 Oktober 2023</u>:**

| Datum: | Aktiwiteit: | Plek: | Koste: | Kaartjies beskikbaar by: |
|---|---|---|---|---|
| Wo.<br>25 Okt. | Vrouedag | NG-kerksaal | R150 | Daleen Strydom<br>042 – 940 2775<br>info@hsmclachlan.co.za |
| Vr.<br>27 Okt. | Fatman<br>Irene-Louise | George McLachlan-saal | <u>Tafels</u>:<br>R180<br>(ongeag ouderdom)<br><br><u>Rye stoele</u>:<br>R 120<br>[Volw/HS-leerders]<br><br>R90<br>[LS/VS/Pensioenarisse] | Lelanie Ferreira<br>042 – 940 2775<br>admin@hsmclachlan.co.za |

Koop betyds u kaartjie om teleurstelling te voorkom. Indien u 'n elektroniese betaling doen, e-pos die bewys van betaling aan Daleen of Lelanie soos aangedui.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Rekeningnaam: | Langklooffees |
| | Bank: | FNB Joubertina |
| | Takkode: | 210315 |
| | Rekening nommer: | 620 2722 6978 |
| | Verwysing: | **U naam en betrokke aktiwiteit** |

Saterdag, 28 Oktober:

- ✓ Skoonheidskompetisies:

  09:00 Mej. Appelliefie en mnr. Spiertjies – 3 tot 6 jaar (voorskool)
  09:45 Mej. Botseltjie en Sportman van die jaar – 7 tot 9 jaar (gr. 1 tot 3)
  10:30 Mej. Bloeiseltjie – 10 tot 12 jaar (gr. 4 tot 6)

  Kleredrag: Meisies: Vrolik en feestelik
  Seuns: Laat jou lei deur die tema.
  Koste: R20 per leerder
  Navrae: Juf. Tania Potgieter (083 720 7273)

- ✓ Kindervermaak: [George McLachlan-saal]
  - "Fun games": ["Minute to win it." ; Spaghetti-slurp]
    Tyd: 11:30 – 12:00
    Koste: R10 per inskrywing

  - "Cupcake"-versiering:
    Tyd: 12:00 – 13:00
    Koste: R15 per inskrywing

  Navrae: Juf. Marisa de Kock (084 701 9517)

- ✓ Familie skattejag: [George McLachlan-saal]
  Minimum van 4 in 'n span.
  Tyd: 13:00
  Koste: R30 per persoon

  Navrae: Juf. Nicela Terblanche (084 693 0239)

8. **ATKV:**

Verlede week was 'n besige week vir die ATKV. Nie net was dit die Makietie nie, maar ons het ook boeke en klere ingesamel. Die ATKV-lede het goed gedink om al die skenkings van blikkieskos en klere wat ons ontvang het aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te skenk. Ons wil graag almal bedank wat donasies gestuur het.

9. **Sport:**

Vrydag, 25 Augustus, speel die 0/13-rugby- en netbalspan teen 'n toerspan.
Wedstryde begin om 13:00.

herotel


<u>Stulting sportdag</u>:

Saterdag, 26 Augustus neem die laerskoolrugby en -netbalspanne deel aan Laerskool Stulting se sportdag. Die sportdag vind plaas by Hoërskool Nico Malan.

| | | |
|---|---|---|
| Bustye: | Misgund: | 05:05 |
| | Louterwater: | 05:20 |
| | Krakeelrivier: | 05:35 |
| | Skool: | 05:50 |
| | Ravinia: | 06:00 |

10. **<u>Landsdiens</u>:**



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

McLachlan Internet Fasiliteit